
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Party strewe daarna om Sy Majesteit se Regering te word.*

# Die O.B.



*Die Ossewabrandwag strewe om die bande met Sy Majesteit te verbreek.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 2 DESEMBER 1942. No. 4.

## 'n Groot Man Het Ons Volk Ontval Langs Die Weg Deur Hom Aangewys

**Soos ons deur die Almagtige 'n week gelede geroep was om met geboë hoofde en treurende harte by die graf van ons ontslape held en volksvader, genl. J. B. M. Hertzog te staan, wil ons in dankbare erkentenis bly staan by die nimmer sterwende ideale wat in hom beliggaam was en ons 'n blywende erfenis geword het.**

Saam met ons erken die hele Afrikanerdom, ook hulle wat hom tot die laaste dae van sy lewe beveg het, hom as die grootste volksman en kampvegter van die volk wat hy so innig liefgehad het tot aan die vooraand van sy verhuising.

Wat hy alles vir sy volk nie kon bereik het nie, was in geen geval aan verkeerde leiding, gebrek aan leiding of versuim in die stryd te wyte nie, maar aan teenkanting en party-intriges van die kant van hulle wat nooit tot dieselfde hoogtes van ware volksdiens en onselfsugtigheid bo eie of groepbelang kon klim nie.

Van alle groot volksmanne tothiertoe het Hertzog groter mylpale op die pad van innerlike en uiterlike vrywording as alle voorgangers bereik. Altyddeur in die grootste skommelinge in die volkslewe, in die wisselvallighede van die veranderende binne- en buitelandse politieke toestande, ja in die donkerste nagtyd van die volksbestaan steeds helder die koers gesien en dit aangedui.

Skaars terug uit die buiteland om hom as regsgeleerde tot diens van sy volk te stel, breek die Tweede Vryheidsoorlog uit en met die Republikeinse leër trek hy uit om op die voorpunt teen die vyandige oormag te veg. Sy dapperheid op die slagveld en krygsbeleid verhef hom spoedig tot bevelvoerende offisier. Vir 'n tyd voer hy bevel as opperbevelhebber van die Vrystaatse artillerie, en voorts as generaal en tweede in bevel onder genl. Christiaan de Wet oor die Vrystaatse magte.

Met vasberade wil en krygsoorleg trek hy met sy kommando's Kaapland binne en beset etlike distrikte in die Noordweste tot by Lambertsbaai aan die Atlantiese Oseaan.

### VEREENIGING

By die Vredeskonferensie op Vereeniging tree hy as waarnemende President van die Vrystaat op, nadat siekte president Steyn genoodsaak het om uit die veld te tree, en voer met groot deursigtigheid die onderhandelinge waardeur die eer van die tot vredesluiting gedwonge Boerevolk gered word.

Keer op keer toe die Transvaalse leiers die stryd wou opgee, het Hertzog saam met pres. Steyn hulle beweeg om voort te gaan. Nadat genl. Botha op eie houtjie met die Engelse onderhandelings aangeknoop het, het genl. Hertzog die volksvergadering op Vereeniging bygewoon. Hy was geen afgevaardigde nie, en kon dus nie stem nie; maar in sy toespraak het hy die afgevaardigdes aangemoedig om teen vredesluiting te stem en die stryd liewer voort te sit.

Toe die terneergedrukte volk na verlies van sy vryheid onder Britse juk moes swoeg om tot herstel te kom, was dit weer genl. Hertzog wat hulle met moed besiel het, deur vir hul taalregte in die kryt te tree.



**Wyle Genl. J. B. M. Hertzog.**

,,Die sleutel tot die vrywording, geestelik en stoflik'', so het hy indertyd verklaar, ,,is die oorwinning in ons taalstryd.''

Kort na die totstandkoming van die Unie, tree hy in verset teen die konsiliasie-politiek van die Botha-party en gee sy ministerskap prys om die volk tot nasionale ontwaking op te wek. Hy slaag daarin en word Eerste Minister in 1924 en bly dit tot 1939 toe hy homself weer opoffer — hierdie keer vasberade om die positiewe stryd vir 'n republiek aan te knoop.

**,,Partytwiste onder my Afrikanervolk lei steeds tot verder verbrokkeling van die Afrikanerdom,''** het hy in 1933 verklaar.

**,,Die Afrikanervolk sal onder die huidige stelsel van partyskap nêrens beland nie. Daarom wil ek deur middel van samesmelting 'n poging aanwend om weereens alle Afrikaners, en diegene wat versoenbaar is, in een kamp bymekaar bring.''**

**Hier het die staatsman Hertzog reeds vir ons die weg na 'n volksbeweging in teenstelling met die partyskap aangewys.** Dat hy nie geslaag het nie, is nie sy skuld nie.

Sy eerste stap in die nuwe koers, weg van die Brits-liberalistiese demokrasie was die indiening van die Statuswette, 'n stap in die rigting van outoritêre bewind en gesagstaat.

### DEMOKRASIE VERWERP

Hierdie rigting stel hy dan ook later, na hy deur party-politieke intriges uit die party-politiek getree het, duidelik en saaklik in 'n ope brief, waarin hy die parlementarisme virgoed verwerp en die volk leiding gee om die partystelsel te verwerp:—

Die Afrikanerdom het twee doodsvyande, het hy op 25 Feb. 1942 in die brief aan sy volk verklaar, die een Britse oorheersing in S.A. en die ander ,,die heersugtige partykramer uit ons eie volk op soek na eer en eie belang binne eie party . . . Die demokraties-parlementêre party is reeds lankal as 'n deugdelike middel tot bevordering van volkswelvaart uitgedien en daarmee ook die demokratiese staatstelsel.''

Op grond hiervan bepleit hy 'n volksgesagstaat met die beginsel: ,,Ek is my broer se hoeder.''

Dis hierdie slagspreuk: ek is my broer se wagter, of soos dr. Van Rensburg, die Kommandant-generaal, dit stel: Een vir almal, en almal vir een, wat so 'n weerklank in Afrikanerharte gevind het.

,,So sal daar,'' het genl. Hertzog in genoemde ope brief aan sy volk verklaar, ,,dadelik 'n middelpunt van krag ontstaan waarvan invloed sal uitgaan, afgesien van partye en partyoogmerke, waardeur die Afrikanerdom, vandag verdwaas deur al die party-geskarrel en -geknoei, weereens gelei sal word tot die staat van geestelike welstand wat hom tans ontneem word.''

In 'n paar duidelike sinne, duidelik vir almal, staan vervat die koers wat genl. Hertzog vir sy volk aangewys het. Dit is waarskynlik die laaste wat hy op skrif gestel het. Dit weergee

(Vervolg op bls. 2)



# O.B. Bring Hulde Aan Genl. Hertzog

**Treffende hulde aan wyle genl. Hertzog is deur die Ossewabrandwag in Kaapland gebring by geleentheid van 'n roudiens wat op die dag van sy begrafnis in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, onder leiding van hoofgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl gehou is. Die diens is waargeneem deur ds. T. N. Hanekom van Stellenbosch, terwyl die Assistent-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, 'n kragtige rede gehou het in die trant van ons huldigingsartikel op die voorblad.**

By geleentheid van genl. Smith se vergadering op Bonnievale op die dag van genl. Hertzog se heengaan, het die vergadering onder die Vierkleur wat halfstok gehang het, ook dankbare hulde gebring aan hierdie groot Afrikaner. Ook op Stellenbosch het verlede Saterdagaand 'n huldigingsplegtigheid plaasgevind.

In die Hofmeyrsaal, waar 'n skare uit alle dele van die Skiereiland die saal gevul het, is die Vierkleur onder tamboergetrommel na halfstok-posisie gebring, terwyl die orkesleier, veldkt. S. J. Swanepoel, in eerbewys sy beuel geblaas het.

Die deftige wit van die vroue wat die een helfte van die saal gevul het, het die indrukwekkendheid van die plegtigheid verhoog.

---

Ds. Hanekom se rede het as volg gelui: —

,,En toe het Moses, die kneg van die Here, daar gesterwe in die land van Moab, volgens die bevel van die Here.''

— Deut. 34 : 5.

In Deut. 34 word vir ons beskrywe die dood van Moses. Vir elke reggeaarde Israeliet was hierdie hoofstuk 'n bladsy van smart in sy geskiedenis. Daarin word beskryf die dood van 'n volksvader, 'n held en 'n Godsman. Daarin word uitgedruk die smart — nie van één moeder of één huisgesin nie, maar die droefheid en weemoed van baie moeders en families — die smart van 'n hele volk!

Moses is gebore op 'n dag van benoudheid vir sy volk. Toe het daar 'n smartkreet opgestyg tot God uit moederharte — nie omdat hulle moes kinders baar nie, maar omdat hulle moes sien hoe hulle kinders vermoor word deur hulle wrede onderdrukker!

Daarom is dit dan ook geen wonder dat Moses hom vereenselwig het met die nood van sy volk. Geroepe deur sy God het hy die smartkreet van sy volk gehoor en hulle verlos en uitgelei uit die Slaweland. Nie in die dag van voorspoed maar in donker dae het Moses hom met sy volk vereenselwig!

En nou na lange jare van swoeë en swerwe sterwe Moses op die berg Nebo — voor die poorte van die beloofde land. Die belofte wat hom al die jare soos 'n helder lig bestraal het, tree nie in vervulling nie. Die beloofde land kan hy nie binne gaan nie!

Dit is diep tragies. Daarom is sy sterfdag 'n dag van smart — 'n roudag vir 'n hele volk!

Ons het ook vandag hier saamgekom om uitdrukking te gee aan ons smart by die dood van 'n ontslape volksman. Sy dood het 'n weerklank gevind in baie harte — ook vér oor die see! Van alle kante — selfs onverwagte kante — hoor ons woorde van waardering vandag. Daar word gewys op sy belangelose diens — hoeveel hy verkry het en hoe offervaardig hy was. Daar word gesê: dat hy nooit sy eie eer gesoek het en sy eie belange nie. Daar word verwys na die krag van sy persoonlikheid — sy eerlikheid, sy opregtheid, sy karakteradel.

Waarom hierdie dinge nie in sy lewe gesien en erken was, weet ek nie. Want as hulle vandag waar is, dan was hulle tydens sy lewe meer waar as vandag en ook van oneindig veel meer belang.

Ons verstaan ook nie waarom daar diegene is wat nie saam met ons treur nie. Dit is tog ons hele volk se smart wat ons hier bring. Is dit omdat hulle die smart reeds oorwin het? Of het hulle miskien nog nooit iets daarvan gevoel nie? En dit vergroot ons smart, omdat hierdie gebeurtenis nie dieper inslaan in ons volk se hart nie. Daarom is dit 'n dag van **rou!** Ons treur oor hom wat dood is, maar ook oor diegene wat weier om saam met ons te treur!

Maar — daar is meer. Moses sterwe wel onder tragiese omstandighede, maar sy dood bring 'n boodskap van verwagting. Hy sterwe nie in die vlaktes van Moab — maar klim uit — op 'n hoë berg! Hy kon die land **self** nie **ingaan** nie, maar hy het die **land gesien.** In die verte het God aan hom gewys die beloofde land. En dit was vir hom **genoeg!** Ook het hy duidelik gesien die **weg** waarlangs sy volk daardie **land** sou binnegaan. En daar was 'n duidelike pad deur God uitgebaken vir sy volk — die weg na die beloofde land. En dit was vir hom genoeg! Ook kon hy nog voor sy sterfdag sy hand salwend met 'n seënbede lê op **Josua** — 'n **jonger man,** deur God geskenk om sy volk op daardie weg te lei na die beloofde land. En dit was vir hom genoeg!

In hierdie geskiedenis lê opgesluit 'n ewige wet — 'n geval waarin die geskiedenis hom wel herhaal! Ons treur vandag! Dit is 'n roudag — 'n dag van smart! Maar ons hoor ook 'n boodskap van verwagting op hierdie dag! Ons dwaal nie in moedverloor se vlaktes, maar staan op 'n hoë berg! Ons sien die land — ,,die land wat die Here onse God aan ons gegee het.'' Ons sien ook die weg wat lei na daardie land. Ons ontslape volksleier het dit vir ons aangewys! En ons sien ook 'n man deur God bestem om ons volk te lei op daardie weg na vryheid!

En bo alles: ons het die oog op onse God! Dieselfde, onveranderlike, troue God, wat in die verlede ons volk gelei het, sal ook in die toekoms lei. Ons waag die toekoms in op sy bevel, en met vaste vertroue op Hom en sy Almagtige Hand!

Dit is 'n dag van rou! Mag ons smart ons louter vir ons taak! Dit is 'n dag van verwagting. Mag die verwagting ons sterk vir ons roeping!

Komt! treên wij dan gemoedigd voort,
In vast vertrouwen op zijn woord;
Hoe moeilijk ons de weg ook schijn',
Het eind zal zeker zalig zijn.

## 'n Groot Man het ons Volk Ontval

(Vervolg van bls. 1)

met sulke presiesheid die gevoel van die volk, die ideaal waarna die tienduisende dag na dag in die Ossewabrandwag strewe, en weerkaats dié van tienduisende andere wat deur party-geknoei dit nog nie bely nie, maar wel aanvoel.

Dit is die hoeksteen van die republikeinse volksbeweging en reeds welbekend omdat dit nie alleen woordeliks in ons kolomme keer op keer verskyn het nie, maar inbegrepe is in die manifes van die Grootraad. Dit lui:

,,Die stadium van ontwikkeling van die blanke beskawing met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe, vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instellings van sy staatkundige bestaans- en bedryfslewe, op die basis van 'n Christelik-nasionale republikeinse gesagstaat, gelei en gevoer ooreenkomstig die beleid van 'n Suid-Afrikaanse nasionale en sosiale aard, wat hom aanpas by die lewenswyse, morele opvattings en godsdienstige beskouings van die Afrikanervolk, en wat streef na die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van volksgeluk en volkswelvaart, beide geestelik en stoflik.''

In dankbaarheid teenoor die Almagtige vir 'n Hertzog buig ons ons neer met die gelofte dat ons getrou en volhardend sal stry vir die vryheid van ons Afrikanervolk op die weg wat Hy ons van tyd tot tyd deur sulke manne as 'n Hertzog laat aanwys het.

J. A. Smith.

## Boodskappe

Uit Natal het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, as volg getelefoneer: ,,Saam met honderdduisende treur ek oor die afsterwe van die grootste seun wat ons volk in die afgelope sestig of sewentig jaar voortgebring het. Die beste hulde wat ons kan bring aan sy nagedagtenis is om sy selflose werk voort te sit. Die stryd van genl. Hertzog is 'n krag en besieling vir elke regskape Afrikaner.''

Die Vrystaatse Beheerraad het die volgende boodskap gestuur: ,,Met diepe meegevoel en in rou saam met die Afrikanerdom oor die verlies van so 'n groot Afrikaner, simpatiseer ons met die familie van die heengegane volksman. Gods weë is wonderlik in ons oë, maar as gelowiges sal ons daarin berus.''

Namens die Jeugfront van Wolseley is die volgende boodskap deur adj.-veldkt. Louis Bieldt gestuur: ,,Die Jeugfront van Wolseley bring hulde aan die nagedagtenis van wyle genl. Hertzog. Sy stryd was bo alles vir ons voortbestaan. Kom, Penkop-maats, laat ons stry om hom weldra in vrye grond te laat rus.''

Die personeel van die Kaaplandse Hoofkwartier het Dinsdagmôre, 24 November, om 10-uur vir 'n kwartier stilte bewaar en twee minute lank die hoofde in stilte gebuig ter nagedagtenis van wyle genl. Hertzog, wie se stoflike oorskot op daardie tyd ter ruste gelê is op sy plaas Waterval, Transvaal.

## OUD-GENERAAL M. J. TOERIEN NA DIE KAMP

Met leedwese moet ons verneem dat oud-genl. M. J. Toerien geïnterneer is. Oud-genl. Toerien was een van die eerste drie Generaals wat in 1940 die O.B. aan die Rand gestig het.

Die vinnige groei van die O.B. aan die Rand is dan ook grotendeels aan sy ywer, organisasietalent en deurdringende persoonlikheid te danke.

In Maart 1941 is hy as staatsamptenaar eervol uit die O.B. ontslaan, en daarna het hy hom aan sy studies gewy. Hy was nog besig om sy M.A.-verhandeling in sy finale vorm te giet, toe hy onverwags ontdek dat sy vryheid op die spel is.

Nadat hy vir etlike maande 'n voortvlugtige was, is hy nou in hegtenis geneem.—(Transvaalse Kor.)

AFRIKANERS

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

G. C. DU PLESSIS EN KIE.,
MÔREMARK, JOHANNESBURG.

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.

Telegrafiese Adres: ,,Duplesko.''

Bankiers: Volkskas, Johannesburg.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Edms.)
Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

## VERKIESING VAN 1899—1902?

„Nie veg nie omdat die oormag te groot is? Dan sou die twee Republieke in 1899 gaan lê en die Afrikaner se siel doodgelê het,” skryf Die Burger in 'n dramatiese pleidooi ten behoewe van die **stembus.**

„Die Voortrekkers sou by die Grootrivier omgespring en die vryheidsideaal sou doodgebore gewees het,” gaan hy verder.

Presies so, stem ons toe, veg moet ons. **Maar sal die Burger ons nou meedeel wat die uitslag van die „verkiesing” van 1899—1902 was — ons bedoel met hoeveel stemme die Britse mag by die stembus gewen het? En ook wat die uitslag van die „verkiesing” was by Bloedrivier op 16 Desember 1838, ons bedoel met hoeveel stemme die Voortrekkers die meerderheid by die stembus oor die Soeloes behaal het?**

Indien hy ons hierdie gegewens kan verstrek, sal dit ons vertroue in die stembus as wapen om 'n volk van ondergang te red bes moontlik aansienlik versterk.


# Schoemanello-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/– | 5/– | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/– | — |
| Likeurwyn | 2/– | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/– |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/– |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/– | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/– | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/– |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/– |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/– |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/– | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/– |
| F.C. | 5/– | 4/3 | 24/– |
| **JENEWER** | 6/– | 5/– | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/– | 4/3 | 24/– |
| Anys-Brandewyn | 5/– | 4/3 | 24/– |
| Gemmer-Brandewyn | 5/– | 4/3 | 24/– |
| Lemoen Brandewyn | 5/– | 4/3 | 24/– |
| Peperment-Likeur | 5/– | 4/3 | 24/– |
| Van der Hum | 5/– | 4/3 | 24/– |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/– | 5/– | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/– | 5/– | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142. OUDTSHOORN.



# MARKAGENTSKAP

## Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.



## O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang....
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied” moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU!!

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.


Ondersteun ons Adverteerders

## KINDERS WAT GESTAP HET

Onderstaande name is dié van sommige van die kinders wat by geleentheid van die Kommandant-generaal se vergadering onlangs naby Swartruggens 'n afstand van 30 myl te voet onderneem het omdat die Padvervoerraad geweier het om permitte vir hul vervoer na die vergadering uit te reik:

DOGTERS

Susanna Venter, Helena Groenewald, Hendriena Harmse, Elizabeth Zwillinger, Heleen Zwillinger, Anna Meyer, Johanna Bodenstein, Lina Bodenstein, Hester Duvenhage, Beatrice Gilbert, Jacoba van der Walt.

SEUNS

Josef du Toit, Daniel Meyer, Johannes van Vuuren, Frederik Groenewald, Jakobus Groenewald, Adrianus Blom, Jan Carl Blom, Lukas Welgemoed, Adolf Jonker, Diederik Bester.


ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*



# VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Besoek ons Snyersafdeling.*

VERSKEIDENHEID

BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING.

GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD.

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE.

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — PORTERVILLE



# VOORSLAG-PYNPOEIERS

DIE VEILIGE VERBANNER VAN

## ALLE PYNE

HOOFPYN, SINKINGSPYN, RUMATIEK, VROULIKE PYN, TANDPYN EN VERKOUES EN INFLUENSA.

## Die Voortrekker Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD. Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.

DIE O.B., WOENSDAG, 2 DES. 1942.

# „. . . . En Die Kerk”

Op 27 Augustus 1941 het dr. D. F. Malan die volk opgeroep om kant te kies teen die Ossewabrandwag omdat laasgenoemde 'n konsep-grondwet gepubliseer het van 'n Christelik-nasionale Republiek wat toe deur die partyleier as betreding van die „politieke terrein” beskou was. As die grootste beweegrede vir sy oproep tot skeuring het hy die feit genoem dat die Ossewabrandwag „die terrein van die Party betree het”. **Die oorsaak van die broederstryd spruit dus uit die partyleier se afguns dat 'n ander organisasie as sy party seggenskap op politieke gebied sou verkry.** En ten einde die party se alleenseggenskap oor die toekoms van ons volk te red, is die volk toe opgeroep om kant te kies vir die party en die volksbeweging te vernietig. Die volk kon nie „onsydig staan ten opsigte van die geskil nie en daarom „doen ons 'n beroep op **alle Afrikaners** om op die aangewese pad met beslistheid en sonder versuim te handel. Laat dit kort van duur en beslissend wees!” So het die oproep tot skeuring uit die mond van die party se volksleier geklink (Die Burger 3 Okt.).

Deur 'n deel van die volk is gehoor gegee aan hierdie oproep, maar net deur 'n deel, want 'n groot deel van die volk het geglo aan die Ossewabrandwag en niemand sal sy oortuiging prysgee net op die versoek van die een of ander politikus nie — al is dit nou ook al die grootste beroepspolitikus in die land.

**Die gevolge van dr. Malan se oproep tot kantkiesing was dat die Ossewabrandwag sowel as die Herenigde Party van bo tot onder geskeur is.** Die vrugte van sy „leiding” was die grootste verdeeldheid wat die Afrikanervolk nog ondervind het, want dit het republikein van republikein geskeur.

Ons moes toe verneem dat dit die Ossewabrandwag is wat die Party geskeur het.

**Ander Organisasies.**

Kort daarna het die oproep aan „alle Afrikaners” ook weerklank gevind in die geledere van die studentejeug en die A.N.S. is op 'n paar plekke geskeur **omdat die ondersteuners van dr. Malan nie langer wou saamwerk met die res van die Afrikaanse studente nie.** In Augustus jl. kon dr. Malan toe ook op Kroonstad aankondig dat die A.N.S. deur die Ossewabrandwag geskeur is en dat „die Calvinistiese Bond besig is om in flenters geskeur te word”. 'n Paar dae later kon hy die vrugte van sy oproep ook in sy verbeelding op 'n ander plek sien swel: **„As daar nie versigtig te werk gegaan word nie, sal die Spoorbond ook deur die O.B. geskeur word,”** so het hy op Bethlehem voorspel. Terloops wil ons net daarop wys dat nie een enkele O.B.-lid uit die A.N.S. bedank het nie en ook geen O.B.-lid uit die Calvinistiese Bond nie. **Sover daar hier sprake van skeuring is, het dit dus beslis nie van die kant van die O.B. gekom nie. Dit was volgelinge van dr. Malan wat ingevolge sy oproep uit die Ossewabrandwag bedank het, uit die A.N.S. bedank het, „besig is” om uit die Calvinistiese Bond te bedank en dit is dr. Malan wat sy eie party skeur deur O.B.-lede daaruit te skop.**

Die spel is duidelik. Die Ossewabrandwag is die draer van die eenheidsgedagte van ons volk. Dit is die Ossewabrandwag wat Afrikaners van verskillende insigte bymekaar hou op grond van hul gemeenskaplike bloed en toekomsverwagting. **Hierdie eenheidsgedagte staan in regstreekse teenstelling met die party se verdelingsbeleid wat elke Afrikaner uitwerp wat nie gewillig is om sy oortuiging te verpand aan die koukusgeknoei nie. En hierdie eenheidsgedagte blyk sterker te wees as die verdeeldheidsgedagte van die Party.** Daarom word die een organisasie na die ander deur die party geskeur met die verskoning dat dit eintlik die Ossewabrandwag is wat dit doen omdat die Ossewabrandwag weier om op bevel van die partyleier dood te gaan! **Die volk moet dan tot oorgawe gedwing word deur die noodlottige verskeuring van alles wat vir hom dierbaar is.**

Dit is 'n verdere ontwikkeling van dr. Malan se politieke geloof wat hy by die aanvang van die stryd as volg bely het: „Die volk wil nie skeur nie. Die volk het eenmaal besluit om bymekaar te kom, en hy sal bymekaar bly.” (Die Burger 28 Aug. 1941.) **Dr. Malan het so 'n sterk geloof in die volk se wil tot eenheid gehad, dat hy gehoop het dat die volk as 'n geheel uit die Ossewabrandwag sal bedank en by sy party aansluit indien hy die volk met 'n skeuring bedreig deur middel van sy oorlogverklaring aan die O.B.**

Dat hy skromelik in sy verwagtings gefaal het, verhoed egter nog nie dat hy sy politieke beroep benut om die skeuringsgevaar nog steeds groter omvang te laat aanneem nie.

**Die Kerk.**

En op Ceres het hierdie „volksman” nou blykbaar sy laaste troefkaart gespeel, hoewel hy al eerder subtiele pogings in daardie rigting aangewend het. Hy het na die halfgekookte propagandastof van „kroongetuies” verwys wat in ruil vir hul persoonlike vryheid sekere propagandistiese aantygings onderskryf, en toe as volg ten opsigte van die O.B. verklaar: **„As dit ons godsdiens, ons sedelikheid as volk en die reg van ons gewete betref, KAN DIE KERK NIE NEUTRAAL DAARTEENOOR STAAN NIE.”** (Die Burger 21 Nov.)

**Die hulp van die kerk moet nou ingeroep word om die Ossewabrandwag onder te sit! Net soos die hulp van die volk op 27 Augustus 1941 ingeroep is en die hulp van „alle Afrikaners” op 3 Oktober daardie jaar met die tragiese gevolg dat sowel die Afrikanervolk as geheel as verskillende ander Afrikaanse organisasies met verdeeldheid aangetas is.**

Dr. Malan weet net so goed as ons dat die kerk uit Afrikaners van alle politieke oortuigings bestaan **en dat indien die kerk gehoor sou gee aan sy oproep om kant te kies in die politieke twis, die kerk daardeur middeldeur sal skeur.** Hy weet net so goed as ons dat kantkiesing van die kerk in sy politieke stryd 'n herhaling op uitgebreide skaal van 1914 sal beteken toe daar op verskillende dorpe 'n „Sapkerk” en 'n „Nat-kerk” in dieselfde gemeente ontstaan het. **Nogtans deins hy nie terug vir hierdie aantassing van die Afrikaner se grootste heiligdom nie, solank hy maar net daarmee sy politieke doel kan bereik, nl. om die volk tot oorgawe aan sy leierskap te dwing met die aaklighede van sy skeuringsbeleid.**

Reeds op Burgersdorp 'n paar maande gelede het hy die kerk as handlanger probeer inroep deur die Gereformeerde Kerk 'n uitspraak ten opsigte van nasionaal-sosialisme in die mond te lê wat daardie kerk nie geneem het nie, en dit ten spyte van die uitdruklike uitspraak van genoemde kerk se sinode dat „'n veroordelende besluit oor die een of ander buitelandse -isme in die huidige omstandighede **net daartoe sal lei dat die Geref. Kerk as trekdier ingespan word voor een of ander se propaganda-karretjie”** (Die Kerkblad 10 April 1942).

En op 15 Oktober jl. het die Ring van Stellenbosch **„met dankbaarheid kennis geneem dat verskil van opinie op politieke gebied nie die eenheid op kerklike gebied in die gemeentes van die Ring verbreek het nie.”**

Ondanks hierdie uitgesproke begeerte van die kerk om eenheid binne die gemeentes te bewaar, kom die man wat eenmaal aanspraak op volksleierskap gemaak het, nou en eis dat die kerk kant moet kies in die politieke geskarrel, sodat ons volk volmaak geskeur kan word.

„Miskien”, so hoop die partyleier, „sal die volk as sy kerk ook van bo tot onder geskeur is soos die volk, die A.N.S., die Calvinistiese Bond en hopelik ook die Spoorbond, met soveel bitterheid vervul wees dat hy die Ossewabrandwag as die sondebok sal verwerp.”

**Vir die „volksleier” is hierdie spel 'n proefneming met 'n baie onsekere uitslag, maar as 'n laaste wanhoopspoging om die Ossewabrandwag van die „party se terrein” te verwyder — die oorsaak van die stryd — sal hy dit probeer. Misluk hy, wel, dan het hy misluk — „kom ek om, so kom ek om”.**

## „DR. MALAN IS REGERING SE GROOTSTE BATE”

### Sappe Huldig Sy Majesteit se Opposisieleier

**„As jy die leiding van die Opposisie van die afgelope drie jaar onder die vergrootglas neem, besef jy eers watter groot bate die Regering in dr. Malan het,” het die waarnemende Eerste Minister, mnr. J. H. Hofmeyr, verlede week by geleentheid van 'n konferensie van die Verenigde Party in Johannesburg verklaar. „Wat ons betref is hy die regte man op die regte plek. Solank dr. Malan leier is van die Opposisie, het ons niks te vrees nie. Dit lyk vandag of dr. Malan desperaat is; hy wil net tronk-toe gaan. Eers was dit oor die Ossewabrandwag as daar maar net 'n vinger aan daardie vereniging gesit word. Vandag praat hy anders oor die Ossewabrandwag. Nou is dit weer as die Regering dit sou waag om op te kommandeer. Waarom, vra ek u, sal ons dr. Malan tronk-toe stuur? Waarom van hom 'n martelaar maak? Ek sê weer, wat ons betref is hy die regte man op die regte plek,” het min. Hofmeyr onder toejuiging verklaar.**

TENTOONSTELLING !

DIE VROUE-KOMMANDO'S VAN DIE SKIEREILANDSE GENERAALSKAPPE
hou 'n
**Tentoonstelling**
van handwerk en klerasie wat gemaak is ten behoewe van die afhanklikes van geïnterneerdes
in die
**KOMITEEKAMER**
GROOTE KERKGEBOU
op
***DONDERDAG, 3 NOV. 1942***
om 3 n.m.
DIE HANDWWERK EN KLERASIE SAL TE KOOP AANGEBIED WORD.
KOFFIE, TEE EN KOEK SAL OOK VERKOOP WORD.

KENNISGEWING ! !

*'n Gesamentlike Publieke Vergadering*
van alle Nasionaalgesinde Afrikaners
sal te
**VENTERSDORP**
in die
**STADSAAL**
toegespreek word deur
**Drs. Malan en Van Rensburg**
***op Woensdag, 9 Des. 1942***
om 2 n.m.
onder voorsitterskap van
**Prof. J. C. van Rooy**
volgens ooreenkoms tussen
**Genl. M. C. Eloff en Kol. Jacob Wilkens, L.V.**
DIT WORD VERSOEK DAT BY DIE GELEENTHEID GEEN ONDERSKEIDINGSTEKENS VAN ORGANISASIES GEDRA SAL WORD NIE.

# Min. Lawrence Roep Praktyk Van Kaffer-Scouts Weer In Lewe

In The Guardian van 19 November verskyn die volgende belangwekkende aankondiging:

„Die Regering het onlangs £3 elk gegee aan naturelle (Africans) wat inligting aangaande ontsnapte geïnterneerdes aan die owerheid verstrek het.

„Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. H. G. Lawrence, het daarna die gedagte onderskryf dat hierdie voorval onder die aandag van alle naturelle gebring moet word en dat die owerheid voortaan geen inligting wat tot die inhegtenisname van ontsnapte geïnterneerdes kan lei, ongemerk verby sal laat gaan nie.

„Elke naturel wat juiste inligting verskaf, kan dus voortaan verwag dat hy 'n vergoeding sal ontvang. Inligting van hierdie aard kan aan enige staatsamptenaar soos 'n polisieagent, 'n magistraat of 'n speurder verstrek word."

SASBANK
*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

*'N PRAGTIGE KERSFEES-BESENDING*
Dames-Hoede
nou net uitgepak
*KOM MAAK U KEUSE!!*
*by*
Steyns
PAROW
DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

*HET U DIT?*

O.B.-SKRYFBLOK (ligblou) met bypassende koeverte
2/6 posvry.

*Brosjure:—*

(1) Die lewensbeskrywing van die Kommandant-Generaal met drie toesprake.
1/3 posvry.

(2) Knopie met die Kop van die K.G. daarop.
1/6 posvry.

(3) O.B.-Vlag-Knopie.
1/6 posvry.

(4) Rangbande. 1/3 elk.

Bestel deur
*O.B.-HOOFKWARTIER,*
Groote Kerkgebou 916, Kaapstad.

*ONDERSTEUN ONS BLAD*

*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in....................................

Naam:....................................

Adres....................................

(O.B. 4 Nov. 1942) ....................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**
KORRESPONDENSIE KOLLEGE
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,
JOHANNESBURG.
Posbus 3512. Foon 22-3512.

## VREEMDE ONKRUID OP EIE BODEM

(„Tuinier")

Prof. L. J. du Plessis het onlangs in 'n toespraak beklemtoon dat die wêreldomwenteling wat tans aan die gang is, 'n oorgang is van „demokratiese vryheid en gelykheid," na „gesag en verantwoordelikheid." Hierdie woorde was vir Die Transvaler eens te veel en in sy oorborrelende liefde vir die demokrasie probeer die blad dan sy lesers wysmaak dat „verantwoordelikheid en gesag" nou eenmaal nie te rym is met die beginsel van „soewereiniteit in eie kring" nie. Verantwoordelikheid en gesag word blykbaar as iets uit die bose beskou.

Tuinier kon nie help om hieroor te lag nie want dit het hom laat dink aan 'n ondervinding wat hy met een van sy vrugteboorde gehad het. In die boord was daar peer-, perske- en appelkoosbome. Vir 'n paar jaar (daardie tyd toe hy met alle geweld in die parlement wou kom), het Tuinier nie die bome gesnoei en die boord versorg nie. M.a.w. die bome is volle demokratiese vryheid toegeken—elkeen kon maak soos hy lus het! Toe Tuinier na 'n paar jaar weer in die boord kom, moes hy tot sy verbasing aanskou hoe die waterlote van die peerbome en allerlei ander onkruide die hele boord vervuil het. Die arme perske- en appelkoosbome kon hierdie verdrukking nie weerstaan nie en was aan die wegkwyn. Ook die peerbome was nie gesond nie. Die waterlote en onkruid het hulle uitgeput sodat die vrugte klein en sieklik was. Die insekte het daarin krioel.

**Die bome is aan hul vryheid oorgelaat en die gevolg was dat die hele boord daaronder gely het.**

**Net so is dit met 'n volk. Word aan elkeen vrye spel gegee in sy demokratiese vryheid en gelykheid, dan vind ons sonder uitsondering dat die persoon of groep wat oor die meeste middels of jakkalsstreke beskik en dus meer „waterlote en onkruidsgewasse" kan uitskiet, spoedig die oorhand oor die swakkeres en mindergegoedes kry.** Die „sterkeres" maak dan van hul posisie misbruik om die „swakkeres" nog verder uit te buit. Die gevolg is dat die hele volk daaronder ly, want nie alleen word 'n gedeelte onderdruk nie, maar diegene wat oënskynlik in die beter posisie is, is weens die baie „waterlote en onkruidgewasse" as gevolg van die welige bestaan in die meeste gevalle fisies en moreel verswak. Die mens is nou maar eenmaal mens en as hy vrye teuel gegee word gaan hy homself te buite.

Om dus na vryheid en gelykheid in dieselfde asem te streef, is onmoontlik, **want die ondervinding het oor en oor geleer dat demokratiese vryheid tot niks anders as ongelykheid lei nie; tot ontsettende armoede teenoor uiterste rykdom, tot gekonsentreerde politieke mag in die hande van 'n paar teenoor die massa wat slegs as stemvee uitgebuit word, tot vyandiggesinde klasse binne die samelewing, ens. Is dit nog nodig om te wys op al die vrugte wat die Afrikanerdom van sy „demokratiese vryheid en gelykheid" gepluk het?**

Ten einde 'n gelukkige en waarlik vrye volksbestaan te verseker moet daar gesag en verantwoordelikheid wees, nie 'n despotiese gesag om die mens sy normale vryhede te ontneem nie, **maar om hom sy verantwoordelikheid teenoor sy medemens te laat besef.** Net soos die peerboom in sy eie belang en in belang van die hele boord gereeld gesnoei en in toom gehou moet word, moet die enkeling hom/haar onderwerp aan die gesag wat in belang van die geheel uitgeoefen word sodat hy/ sy steeds van die verantwoordelikheid teenoor 'n volksgenoot en die volk as geheel bewus kan wees.

**Diegene wat gesag en verantwoordelikheid vrees, verraai daardeur hul neiging tot losbandigheid en onverantwoordelikheid. Dit is juis diesulkes wat die meeste behoefte aan 'n organiese gesagsordening het.**

VAN VROEG TOT LAAT
U BESTE MAAT
Patriot TABAK
ALTYD OP SY POS
VOORBRAND PRODUK

## „JA VYAND, NEE BROER!"

Die Nasionale koerante wat hoofsaaklik put uit Joodse advertensies, weier nog konsekwent om advertensies ten behoewe van die republikeinse Volksbeweging op te neem. So het Die Transvaler onlangs nog weer geweier om 'n kennisgewing van 'n O.B.-vergadering op Utrecht as advertensie te plaas.

## WAPENSKOU EN DIE O.B. STUDIE-STUKKE

Die eerste van die reeks amptelike O.B.-studie-stukke wat in aansluiting by die brosjure: **Die O.B., Vanwaar en Waarheen,** deur die Grootraad uitgevaardig word, word volledig in die Novembernommer van Wapenskou, die amptelike orgaan van die A.N.S., afgedruk. Hierdie beleidstuk gaan oor die gesinsbeleid wat die O.B. voornemens is om in die toekomstige Boerestaat in beoefening te bring. Brandwagte word gevolglik sterk aangeraai om die jongste Wapenskou aan te skaf. Bestellings kan gerig word na Bus 28, Stellenbosch. Die intekengeld vir 'n volle jaargang se nommers van Wapenskou is 5/-, vooruitbetaalbaar. Enkele nommers kos 1/3.

Brandwagte sal ook belangstel in die artikel: Demokrasie of Volkstaat, die Keuse van die Afrikanerdom, van dr. P. J. Meyer, wat ook in hierdie nommer van Wapenskou verskyn. Hierdie artikel sluit aan by dr. Meyer se vorige Wapenskou-artikel: Die Toekomstige Ordening van die Volksbeweging in Suid-Afrika. Ander belangwekkende bydraes in die jongste Wapenskou is o.a.: Ons Verhouding tot die Tradisie, deur prof. dr. A. J. H. v. d. Walt, van P.U.K. vir C.H.O., Die Belang van die Protektorate, deur dr. F. J. Language, van U.S., Rassevraagstukke in S.-A., deur drr. Coertze, Van Eeden, en Language, almal van U.S., Die Biologiese Opvatting van Misdadigheid, deur J. D. de Villiers Truter, Arbeid en Roepingsbewussyn, deur J. H. Coetzee, ens.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 4,732 | 3 | 8 |
| Mev. M. Oosthuizen Stanford .. .. .. .. .. | | 17 | 6 |
| Vriendin Beaufort-Wes .. .. .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| Vriende Beaufort-Wes .. .. .. .. .. .. .. | | 5 | 6 |
| Bydrae Stellenbosch Vroue-Werkgeselskap vir Oktobermaand | 1 | 5 | 0 |
| Porterville Vroue-Kommando Bydrae Novembermaand | 3 | 15 | 0 |
| Upington Vroue-Kommando .. .. .. .. .. | 1 | 10 | 6 |
| Penkop Christine Lombard, Malmesbury .. | | 2 | 6 |
| Penkop Koos Smit, Malmesbury .. .. .. | | 4 | 0 |
| Papendorp Vroue-Kommando .. .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| Mnr. J. Maree Paarl .. .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| | £4,744 | 18 | 8 |

**BYDRAE TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | £28 | 10 | 0 |
| Veldkt. J. W. H. Obermeyer Sutherland .. | 5 | 0 | 0 |
| | £33 | 10 | 0 |

**TRANSVAAL TOT 14 NOVEMBER.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 9,761 | 4 | 9 |
| Kwitansie No. 1305 Bydrae .. .. .. .. .. | 2 | 2 | 0 |
| ,, ,, 1306 Kommando 11A1 en 11A4 | 5 | 8 | 2 |
| ,, ,, 1307 Kommando 14A2 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1308 Kommando 9B2 .. .. | 1 | 18 | 9 |
| ,, ,, 1309 Kommando 9B4 .. .. | 16 | 14 | 0 |
| ,, ,, 1310 Kommando 8C2 .. .. | 16 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1311 Kommando 2 .. .. .. | | 7 | 6 |
| ,, ,, 1312 Kommando 2B4 .. .. | 4 | 12 | 0 |
| ,, ,, 1313 Kommando 9B6 .. .. | 4 | 0 | 6 |
| ,, ,, 1314 Kommando 2A6 .. .. | 3 | 14 | 0 |
| ,, ,, 1315 Kommando 2B5 .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1316 Kommando 3C6 .. .. | 3 | 2 | 6 |
| ,, ,, 1317 Kommando 4C6 .. .. | 7 | 16 | 0 |
| ,, ,, 1318 Kommando 9B5 .. .. | 3 | 2 | 6 |
| ,, ,, 1319 Kommando 7C1 .. .. | | 12 | 6 |
| ,, ,, 1320 Kommando 9A6 .. .. | 11 | 5 | 3 |
| ,, ,, 1321 Kommando 3C4 .. .. | 13 | 19 | 6 |
| ,, ,, 1322 Kommando 9B7 .. .. | 1 | 4 | 0 |
| | £9,863 | 3 | 11 |

O.B. KERSFEESKAARTE!!

'n Keuse van vier pragtige kunswerkies met passende versies.

Prys 6/- per dosyn (posvry) insluitend koeverte.

Verkrybaar van:—

O.B.-HOOFKWARTIER

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

NEL. — Aan mnr. en Hoof-Kommandante mev. M. C. Nel, Smitskraal, Pearston, 'n fris O.B.-dogter op 12 November 1942. Naas die Heer ons innige dank aan dokter en verpleegster.

CONRADIE. — Aan mnr. en Veldkornet mev. Piet Conradie, F.C.M.I.-geboue, Harrismith, 'n fris brandwag-dogtertjie in die vroeë ure van Sondagmôre. Albei gesond.

VAN DYK. — Aan **Komdt.** en **mev. Fanie van Dyk, Rintoulstraat, Sidwell, Port Elizabeth,** 'n fris Brandwag-seun op 22 November. Naas die Heer ons dank aan verpleegster.

### HUWELIK

ODENDAAL—SWANEPOEL: Die familie en vriende van Veldkornet Duivie Swanepoel en Piet Odendaal word hartlik uitgenooi na hul huwelik (D.V.) op Woensdag 9 Desember 1942 om 11.30 v.m. in die Ned. Geref. Kerk, Rouxville. Geen kaartjies. Geen resepsie.

### DOODBERIG

DIE Vroue-Kommando van Sutherland treur oor die plotselinge heengaan op 19 November van 'n geliefde en pligsgetroue Offisier, Marietjie Olivier, Agerende Veldkornette van die Wyk-om-die-Dorp. Ons mis haar en bring hulde aan haar nagedagtenis. Ons innige meegevoel met haar eggenoot en twee kindertjies.

Rus sag — Ons sal koers hou.

**Haar treurende mede-Offisiere en Brandwagte.**

### TE KOOP

WYN. — 5 gelling Port 30/-, Anker 43/6 . 5 gelling Muskadel Jeripigo 30/-, Anker 43/6. 5 gelling soet Muskadel 27/6, Anker 38/6. 5 gelling Worcester Hock of soet Sjerrie 22/6, Anker 32/6. Gelewer Bonnievale stasie. Terme:— Kontant of K.B.A. Beste kwaliteit gewaarborg. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, P.K. Bonnievale.**

TAFEL-Aartappels van die beste kwaliteit teen 17/6 per sak. Bestellings word net K.M.B. aangeneem. Bestel van: **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.**

FRIES KOEIE en VERSE van nou tot Juniemaand. In melk en swaar in kalf. Goeie melkers. Pryse ens. op aanvraag. **J. B. Pieterse, Bus 12, Winburg.**

AARTAPPELS. — Mooi vars tafelaartappels. No. 1, 17/6; No. 2, 16/- per 153 pond. Gelewer **Serpentine-sylyn** — K.M.B. **P. G. J. Barnard, Serpentine-sylyn, P.K. Wilderness.**

### TE KOOP

PLANTJIES, gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6-10-0. Amerikaanse **Boomangeliere:** Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk) en Rex (helderpienk), 3/6, 15/- en £7. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 7/6, £1-10-0 en £10. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smit, Bus 80, Tzaneen.**

### TE KOOP

ANGELIERPLANTE. — Sterk gewortelde Angelierplantjies — **Regina** (lig-roos); **Rex** (helder-roos); **Corona** (donkerrooi); **Salur Regina:** 3/6 per dosyn; 15/- per 100; £7 per 1,000. **Dairymaid** (wit met fyn roos-strepies) 7/6 dosyn; **IDaho-Beauty** (pers) 7/6 dosyn. **K.M.B.** alleenlik. Posvry Unie. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

### BETREKKING GEVRA

O.B.-OFFISIER met 10 jaar ondervinding in algemene handelaarsbesigheid, soek 'n ander betrekking. Teenswoordige werkkring vyandiggesind. Getuigskrifte en besonderhede op navraag. Skrywe aan **G. J., Posbus 1411, Kaapstad.**

WAKKER jong Afrikaner (21) met kennis van boerdery en 5 jaar praktiese ondervinding van „Caterpillar" en ander Trekkers, soek 'n betrekking as Trekker-drywer en algemene reparasies op 'n Afrikaner plaas. Skrywe aan: **J. P. Smith, Smidswinkel, P.K. Amalfi.**

### KERSWENSE-TARIEF

BEPERKTE ruimte sal in ons uitgawe van 18 Desember verkrybaar wees vir KERSWENSE. Tarief 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam. Minimum 3/- per plasing. Kopieë moet die O.B. bereik nie later as Maandag, 14 Desember nie.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

116 Takke 44,000 Lede

AVBOB

Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 760 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhde gratis van: Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.

DIE MODERNE KLEREMAKERS

(Die Afrikaanse Firma)

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD.

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306

3de Verdieping - - - - - KAAPSTAD.

Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

DIE MODERNEWINKEL

DE KOCKS se GARAGE

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT, Foon 66 — Posbus 64

BEAUFORT-WES